

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAIN SA GRAAN SA	DATUM 2018/08/14	DATUM 2018/08/13		+ - LAST WEEK 2018/08/06		BY DIE GELD PUT OPSIE					
		Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	WM			
		25188	-125.21	-0.4%	25313	-0.9%	25427	Y/M			
DJIA-index	25188	-125.21	↓	-0.4%	25313	↓	25427	2 396.00 R 2 462.00			
Goud (Spot)	1193.82	-14.93	↓	-1.2%	1208.75	↓	1215.41	CALL TREFFPRYS R 2 400.00 R 2 460.00			
Brent \$/vat	72.81	-0.15	↓	-0.2%	72.96	↓	73.51	CALL PREMIE R 140.86 R 131.92			
1 € / US\$	1.1414	0.00	↑	0.3%	1.1383	↓	1.1553	GELYKBREEK SAFEX PRYS R 2 540.86 R 2 591.92			
1 US\$ / ZAR	14.31	-0.140	↓	-1.0%	14.45	↑	7.4%	13.33			
Corn	R 2 007.80	-3	↓	-0.2%	R 2 010.94	*CBOT Corn Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Sep 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 809.89	-45	↓	-1.6%	R 2 855.17	* CBOT Wheat Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sep 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 509.28	-4	↓	-0.3%	R 4 513.05	* CBOT Soy Sep cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sep 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)											
WEEK NR.											
Corn Sep 18	356.40	2.90	↑	0.8%	353.50	Pariteitsprys gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit					
Wheat Sep 18	534.40	-3.35	↓	-0.6%	537.75	WEEK TOTAAAL	5 095	122 918 128 013			
Soybeans Sep 18	857.60	7.60	↑	0.9%	850.00	JTD TOTAAAL	109 321	857 617 966 938			
PLAASLIKE MARKINLITING											
SORGHUM Jul '18	3600.00	0.00	↑	0.0%	3600.00	3348.51	2340.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR 7% 35% 24%			
WMAZ Spot	2274.00	-7.00	↓	-0.3%	2281.00	3604.00	1790.00	TEMPO/WEEK BENODIG 38 937 43 173 82 110			
WMAZ Sep 18	2296.00	-16.00	↓	-0.7%	2312.00	3350.00	1890.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Dec 18	2396.00	-14.00	↓	-0.6%	2410.00	3420.00	1970.00	WEEK TOTAAAL	540 612	273 202 813 814	
YMAZ Spot	2335.00	2.00	↑	0.1%	2333.00	3350.00	1790.00	JTD TOTAAAL	3 591 049	3 916 321 7 507 370	
YMAZ Sep 18	2365.00	3.00	↑	0.1%	2362.00	3350.00	1890.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150 12 176 810	
YMAZ Dec 18	2462.00	0.00	↑	0.0%	2462.00	3420.00	1970.00	% GELEWER VAN OES	56%	68% 62%	
SOY spot	4460.00	0.00	↑	0.0%	4460.00	6100.00	4093.00	TEMPO /WEEK BENODIG	96 159	64 856 161 015	
SOY Sep 18	4493.00	-12.00	↓	-0.3%	4505.00	6405.00	4380.00	KORING INVOERE			
SUN Spot 18	4896.00	59.00	↑	1.2%	4837.00	6104.00	4590.00	2017/18 2016/17 5 Jr. GEM			
SUN Sep 18	4936.00	48.00	↑	1.0%	4888.00	6405.00	4380.00	WEEK TOTAAAL	21 699	30 722 24 703	
WHEAT Aug 18	4262.00	62.00	↑	1.5%	4200.00	4545.00	4225.00	JTD TOTAAAL	1 730 283	630 109 1 199 879	
WHEAT Sep 18	4304.00	43.00	↑	1.0%	4261.00	4720.00	4399.00	TOTAAL BENODIG	1 950 000	934 765 1 622 999	
WHEAT Dec 18	4394.00	42.00	↑	1.0%	4352.00	4612.00	4290.00	JTD AS % VAN BENODIG	89%	67% 74%	
NUUTSTE MARKINLITING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLE											

Markoorsig: Die rand verhandel teen R14.31 / \$ vanoggend. Handelaars posisioneer hulself vir meer chaos in die markte met die Turkse Lira wat steeds grootliks onder druk is. Die rand het die afgelope paar dae groot prysbewegings getoon en het grootliks dieselfde tendens as die ander ontluikende markte se geldeenheid gevvolg met baie internasionale onsekerhede. Die Suid-Afrikaanse Reserwefonds (SARB) gee baie aandag aan die rand en hulle het in 'n onderhou deur die adjunk-gouewerner gesê dat hulle na die tweede ronde-effek van die rand se depresiasie sal kyk en daarom sal geen haastige besluite geneem word as gevolg van aanvanklike verswakkning van die rand nie. Die SARB bly egter by hul mandaat om die waarde van die plaaslike geldeenheid te beskerm met inflasie as die hoof vertrekpunt. Die SARB het daarin geslaag om inflasie binne 'n 3% - 6% teiken band vir meer as 'n jaar te hou en die repokers op 6,5%. Ruolie handel vanoggend teen \$ 72.81 per vat. Hierdie week sal 'n belangrike week in die plaaslike ekonomiese omgeving wees, aangesien hierdie week se data 'n goeie oorsig gee van die ekonomiese sterkte in die tweede kwartaal van 2018 en as die ekonomie in 'n tegniese resessie sal gaan of nie. Die nuutste inligting oor die mynbou sektor sal later vandag bekend gemaak word, terwyl die vervaardigings sektor se syfers more bekend gemaak sal word. Beide hierdie sektore speel 'n sleutelrol in die plaaslike BBP.

Mielies: Die Amerikaanse mielieprys bly onder druk na verlede week se WASDE-verslag en die gunstige Amerikaanse opbrengsverwagtinge. Die weeklikse Amerikaanse uitvoerinspeksieverslag het aangedui dat die weeklikse uitvoere 1,26 miljoen ton was, wat net laer was as die vorige week se uitvoere, maar goed inlyn met die weeklikse handelsverwagtinge wat in die mark was. Die USDA se produksietoestande verslag het getoond dat die mielie produksietoestande 70% goed tot uitstekend is, wat 1% laer is as die vorige week se toestande. In ander internasionale nuus is die invoere van mielies na die EU vir 2018/19 tot dusver 1,4 miljoen ton wat ongeveer 22% laer is as verlede seisoen se invoere. Privaat uitvoerders het gister 213 000 ton se mielie uitvoerwerkope gerapporteer vir levering aan Meksiko wat in beide die 2018/19 en 2019/20 seisoen sal plaasvind. **Plaaslik:** Die plaaslike mielieemark het gister gemeng verhandel met die witmielieemark het meestal onder druk gekom het terwyl die geelmielie mark meestal onveranderd gesluit het vir dié dag.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboontemarket het gister weer effens ondersteuning gevind nadat Vrydag groot verliese getoon het. Die ondersteuning in die mark kan grootliks toegeskryf word aan die beter sojaboonterverwerking sowel as uitvoer syfers wat gesterd bekend gemaak was. In gister se weeklikse uitvoerinspeksieverslag wat deur die USDA bekend gemaak was, is die weeklikse uitvoere op 580 000 ton gerapporteer. Dit was wel laer as die vorige week se uitvoere en nader aan die laer kant van die weeklikse handelsverwagtinge. Iran was die grootste invoerder van Amerikaanse sojabone vir die week. In gister se weeklikse produksievorderingsverslag wat deur die USDA bekend gemaak was, is die produksietoestande op 66% goed tot uitstekend geskatt wat 1% swakker is as verlede week se skattung. Die fisiologiese vordering van die produksie is goed en die hoevelike sojabone wat reeds peul vorm is 84% teenoor die 5 jaar gemiddelde tempo van 72% teen hierdie tyd van die seisoen. Daar is wel bekommernisse dat sommige gedeeltes van die Amerikaanse produksiegebiede droë toestande kan ervar, wat nie gunstig is nie aangesien dit 'n kritieke weerstandpunt is vir die Amerikaanse sojabone. Privaat uitvoerders het gister 141 000 ton se uitvoerwerkope aan die USDA gerapporteer vir levering gedurende die 2018/19 seisoen. In ander internasionale nuus is die Europese Unie se sojaboon invoere vir die 2018/19 seisoen tot datum 9% laer as die vorige jaar se invoere terwyl die sojaboon olikekoek ongeveer 19% laer is in vergelyking met verlede seisoen se syfers. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboontemarket het gesterd effens laer gesluit in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is, alhoewel die prysbewegings in die mark vir die dag nie groot was nie.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag nadat die awfaartse aanpassing in die wêreld koringvoorraad, wat in Vrydag se WASDE verslag gerapporteer was, kleiner was as wat die algemene verwagting in die mark was. Al drie die Amerikaanse koringmarkte, wat beide die winterkoring markte en die lente koring mark insluit, het laer verhandel vir die dag. Die weeklikse uitvoerinspeksieverslag wat gister deur die USDA bekend gemaak was, het aangegetoond dat die weeklikse uitvoere ongeveer 460 000 ton was. Dit was hoër as die vorige week se uitvoere en ook meer as die algemene handelsverwagtinge. Meksiko was die grootste koper van Amerikaanse koring vir die week. In gister se weeklikse produksievorderingsverslag is aangekondig dat die winterkoring stroopproses op 94% voltooi gerapporteer teenoor die 5 jaar gemiddeld van 96% voltooi. Die lente koring se stroopproses is op 35% voltooi gerapporteer wat meer is as die 5 jaar gemiddeld van 27% voltooi. Die produksietoestande word op 75% goed tot uitstekend geskatt wat 1% beter is as verlede seisoen se skattung teen dieselfde tyd van die jaar. **Koring:** Die plaaslike koringmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In verlede week se weeklikse invoer- en uitvoeroverslag was die weeklikse koring invoere op 64 042 ton gerapporteer. Dit het invoere vanaf die VSA en Kanada af ingesluit wat hoër kwaliteit koring verteenwoordig.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sags.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Luan van der Walt en Ikgang Maluleke / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za
Dankie aan die MielieTrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

